**SARS verbind tot die ondersteuning van fiskale konsolidasie deur verbeterde belastingadministrasie**

**Tshwane, 21 February 2024 -** Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, het die organisasie se verbinding tot die ondersteuning van finansies minister, mnr. Enoch Godongwana, se strategie vir fiskale konsolidasie oor die mediumtermyn herbevestig. "'n Goed-funksionerende belastingadministrasie binne 'n groeiende ekonomie is die mees volhoubare pad jeens die verbetering van die land se fiskale integriteit," het die kommissaris gesê.

Hy het dit gesê nadat die minister sy finale begrotingsrede van die 6de administrasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie gelewer het, wat vanjaar sy 30ste herdenking vier na afloop van die historiese demokratiese verkiesing van April 1994.

Mnr. Kieswetter het gesê dat, sedert sy aanvang in 1997, SARS 'n sentrale rol gespeel het in die ondersteuning van Suid-Afrika se demokrasie deur meer as R19.5 triljoen se inkomste vir die fiskus in te samel. Belastinginkomstes maak meer as 90% van die regering se gekonsolideerde begrotingsinkomste uit wat die befondsing moontlik maak van die program vir die bou van 'n bekwame staat wat die behoeftes van alle burgers dien. "In besonder is ons baie trots op die feit dat, deur ons harde werk, die voorsiening van maatskaplike toelae, onderrig, gesondheidsorg, openbare vervoer en ander, 'n transformerende impak op die lewens van die mees kwesbares het," het hy gesê. Hy het bygevoeg dat die handhawing van noodsaaklike vennootskappe tussen SARS en sy belanghebbendes die sosiale kompak tussen die regering en landsburgers is om hulle fiskale verantwoordelikheid te verdiep.

Die SARS kommissaris het bygevoeg dat, om belastinginkomstes op die huidige vlak te handhaaf of te verhoog, dit noodsaaklik is om fiskale integriteit te verbeter, in besonder, om die behoefte vir skuld en skulddiensleweringonkoste te verminder. 'n Gefokusde nakomingsprogram, asook verbeterde belastingpligtige- en handelaarsnakoming onderstut volhoubaarheid en konsolidasie.

Belastingpligtiges moet hulle verpligtinge nakom deur te registreer, opgawes in te dien en hulle belasting te betaal. Diegene wat versuim om te voldoen plaas 'n onregverdige las op eerlike, nakomende belastingpligtiges en moet die nagevolge van oortreding van die wet in die gesig staar.

"Op hierdie manier is ons almal nasiebouers en bewaarders van ons hardgewonne demokrasie vir die volgende 30 jaar," het mnr. Kieswetter gesê.

SARS se strategiese oogmerk is om vrywillige nakoming en fiskale burgerskap te bevorder deur die hoof strategiese oogmerke te implementeer: Verskaf helderheid en sekerheid oor belasting- en doeaneverpligtinge, maak dit maklik en eenvoudig vir belastingpligtiges en handelaars om hulle belastingverpligtinge na te kom en maak dit duur en moeilik vir diegene wat met opset nie voldoen nie.

Dit vorm die basis van die nakomingsinisiatiewe wat deur SARS die aflope paar jaar geïmplementeer is, wat R210.3 miljard vir die jaar tot op datum bygedra het. Hierdie nakomingsingrypings verteenwoordig 'n onttrekkingskoers van 15.2%, ‘n styging van 12.4% teenoor die vorige jaar, wat 'n jaar-op-jaar groei van R 43.4 miljard (26.0%)

aandui. Kontantontvangste uit hierdie ingrypings het R124.7 miljard beloop, ‘n styging van R105.1 miljard teenoor die vorige jaar. Lekasievoorkomingsmaatreëls het R 85.6 miljard opgelewer, ‘n styging van R 61.8 miljard teenoor die vorige jaar.

Die hoof bydraende belastingprodukte sluit in - BTW: R 86 miljard of 41%; maatskappye inkomstebelasting (MIB): R 41 miljard of 19%; persoonlike inkomstebelasting: R 39 miljard of 18%; doeane: R 15 miljard of 7%; en dividendebelasting: R 15 miljard of 7%.

Wanneer ekonomiese groei gespanne is, moet SARS harder werk om te verseker dat alle belastingpligtiges nakomend en op datum met hulle belastings bly. Die gefokusde nakomingsprogram is die middelpunt van ons aktiewe skakeling met belastingpligtiges en handelaars. Hierdie werk hou aan om belastinginkomstes aan te vul wat andersins baie laer sou wees onder hierdie ekonomiese toestande. Die grootste bydraers tot ons nakomingsprogram vir die jaar tot op datum is:

- Gefokusde nakominginisiatiewe in die grootsake- en internasionale segment het R 17.2 miljard opgelewer, ‘n styging van R 15.7 miljard teenoor die vorige jaar.
- Opvolg van wanbetalende belastingpligtiges om uitstaande skuld in te vorder, het R 70.3 miljard beloop, ‘n styging van 16.7%, wat insluit:
- Wetstoepassingsaksies in gesindikeerde belasting en doeanemisdade, wat R 13.5 miljard opgelewer het, ‘n styging van 246%;
- Pogings om inkomste-lekasie te voorkom het R 85.6 miljard beveilig, ‘n styging van 38.5%;
- Doeane- en aksynsingrypings wat tot R 12.7 miljard gelei het, ‘n styging van 22.1%.

SARS is besig om bykomende maatreëls in te stel om nakomingsinkomste te volhou en selfs te verhoog.

Die kommissaris het gesê dat, vir die res van die fiskale jaar, wat op 31 Maart 2024 eindig, SARS maatreëls in plek gestel het om die hersiene skatting te behaal vir inkomste-invordering van R1 731.4 miljard, soos vandag deur die minister aangekondig is.

Mnr. Kieswetter het ook gesê dat SARS sal volhard in die ondersteuning van die regering se stryd teen werkloosheid, armoede en ongelykheid binne die konteks van 'n verstandige en stabiele fiskale raamwerk. Die alewig-stygende terugbetalingsbedrag waarteenoor R352.6 miljard tot op hede betaal is, dien as bydra tot dringend-benodigde hulpbronne om die ekonomie te help stimuleer met gepaardgaande voordele vir huishoudings, maatskappye en die fiskus. Ten spyte van hierdie lofwaardige ingrypings, moet dit aanvaar word dat die ekonomie uiters stadig groei wat gesonder inkomste-invordering beperk. Daar word verwag dat erge risiko's steeds die inkomste-invordering negatief sal beïnvloed.

Die bogenoemde is saamgestel deur die wêreld- en plaaslike ekonomiese vooruitsig wat broos bly, vererger deur die voortslepende konflikte in Oos-Europa en die Midde-Ooste. Beurtkrag bly 'n las op die winsgewendheid van maatskappye, en die land ervaar steeds ondoeltreffendhede by die hoof seehawes wat optimale handeldryf beïnvloed. Hoewel invoere gestyg het, is dit nie naastenby genoeg om op te maak vir

maatskappye se winsgewendheid nie, wat 'n noodsaaklike rol vir MIB speel. Ten spyte daarvan dat mynbou voortgesette druk ervaar, is daar ander mynaktiwiteite, soos ystererts en chroom, wat positiewe neigings toon.

Jaar-tot-datum inkomste is onder druk wanneer dit teen die mediumtermynbegrotingbeleidsredeskatting van R1 730.4 miljard gemeet word.

Daar is egter rede vir versigtige optimisme. Februarie is 'n hoë-invorderingsmaand omdat maatskappye opgawes moet indien en hulle MIB-voorlopigebelasting betaal. Afgesien van normale inkomstestrome, wil baie belastingpligtiges hulle belastingsake met SARS uitklaar voor die einde van die boektydperk.

Daarbenewens is Maart ook 'n hoë-invorderingsmaand omdat hoë-waarde MIB-voorlopigebelastingbetalings verwag word, hoofsaaklik van groot besighede en internasionale maatskappye.

SARS sal selfs harder werk om sy inkomste-invorderingsmandaat uit te voer ter nastrewing van sy hoër doelwit, wat die invordering van alle inkomste wat verskuldig is behels, om die regering in staat te stel om 'n bekwame staat te bou wat die burgers van ons land dien en regmatige handeldryf fasiliteer.

"Al hierdie uitmuntende werk word deur 12 500 SARS-personneellede behaal wat enkelgesind gedrewe is deur 'n plig wat verder en hoër as hulle is. Ek prys elkeen van hulle en is vol vertroue dat dit wat die minister vandag aangekondig het, nagejaag sal word met onwrikbare toewyding," het die kommissaris afgesluit.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.